Bryanston Primary School

Datum:____________________ Afrikaans Tweede Taal – Graad 4

Naam:________________________________

**Les 5: Hoofstuk 5**

# 5
# Bertie gaan skool toe

Die volgende oggend is Nico vroeg by die skool. Al die kinders lyk verbaas toe hulle hom sien.

“Wat is daardie?” vra een van die meisies.

“Dis Bertie Blikbrein,” sê Nico. “Hy’s my nuwe vriend.”

“Kan hy praat?” vra een van die seuns.


“Natuurlik kan hy,” antwoord Nico.

Hy wys vir die kinders al die goed wat Bertie kan doen.

Bertie vertel grappies, sing ’n liedjie en dans ’n blikkerige dans. Hy help selfs ’n graadses met sy wiskunde.

“Dis die slimste robot op aarde!” roep iemand uit.

Toe die klok lui, gaan staan Bertie ook in die ry.




Nico maak asof hy nie vir Vusi sien nie.

Vusi maak asof hy nie vir Nico sien nie. Hulle stap klas toe.

Nico gaan sit nie op sy gewone plek langs Vusi nie. Hy gaan sit langs Bertie Blikbrein.

Toe juffrou Meiring in die klas kom, staar sy na Bertie.

“Wat is dit?” Sy loer oor haar bril.


“Dis Bertie Blikbrein, Juffrou,” antwoord Nico.

Juffrou Meiring frons. “Ek dink nie ons kan ’n robot in die klas hê nie …”

“Hoekom nie, Juffrou?” roep een van die kinders.

“Hy kan wiskunde doen,” sê iemand.

“En hy weet wat die hoofstad van Madagaskar is!” roep iemand anders.



**“Die hoofstad van Madagaskar is Antananarivo,”** sê Bertie met sy blikkerige stem.

Juffrou Meiring byt aan die agterkant van haar potlood. Sy lyk beïndruk. Nico vermoed sy het ook nie geweet wat die hoofstad van Madagaskar is nie.


“Nou goed,” sê sy. “Bertie mag bly. Maar hy moet

**Woordbank: Hoofstuk 5**

| | |
|---|---|
| klok | *bell* |
| kwaad | *angry* |
| juffrou | *teacher* |
| skets | *sketch* |
| skoolwapen | *school emblem* |
| leuse | *motto* |

# Hoofstuk 5

| Nuwe woorde | | | | |
|---|---|---|---|---|
| verbaas | gewone | vermoed | frons | bril |
| *surprised* | *normal* | *suspect* | *frown* | *glasses* |



1. Wie gaan saam met Nico skool toe?

2. Maak 'n lys van alles wat Bertie Blikbrein kan doen.

3. Waarmee help Bertie die kind in graad ses?

4. Wat doen Bertie toe die klok lui?

5. Hoe weet jy dat Nico en Vusi kwaad is vir mekaar?

6. Wat is hulle juffrou se naam?

7. Wat is die hoofstad van Madagaskar?

8. Mag Bertie in die klas bly?

9. Maak 'n skets van jou skoolwapen. Skryf ook jou skool se leuse neer.